Pharmacode position may change as per Supplier’s m/c requirement & additional small pharma code may appear on the front / back panel

APPROVED
Samantha , 14:42:55, 02/14/2022

AURO-AMOXICLAV
P1529121

AURO-AMOXICLAV
P1529121

SKEDULERINGSTATUS:
Suid-Afrika: **S4**
Namibië: **NS2**

EIENDOMSNAAM (en doseervorm):
AURO-AMOXICLAV 125-31,25 mg/5 ml (Poeier vir orale suspensie)
AURO-AMOXICLAV 250-62,5 mg/5 ml (Poeier vir orale suspensie)

SAMESTELLING:
AURO-AMOXICLAV 125-31,25 mg/5 ml:
Elke 5 ml (na hersamestelling) bevat: amoksisillientrihidraat ekwivalent aan amoksisillien 125 mg en kaliumklavulanaat ekwivalent aan 31,25 mg klavulaansuur. Suikervry. Bevat versoeter: 5 mg aspartaam per 5 ml.
AURO-AMOXICLAV 250-62,5 mg/5 ml:
Elke 5 ml (na hersamestelling) bevat: amoksisillientrihidraat ekwivalent aan amoksisillien 250 mg en kaliumklavulanaat ekwivalent aan 62,5 mg klavulaansuur. Suikervry. Bevat versoeter: 10 mg aspartaam per 5 ml.
Lys van bymiddels:
Aspartaam, hipromellose, kolloïdaleanhidriesesilika, silikondioksied, aarbei-guaranasmaakmiddel, suksinielsuur en xantaangom.

FARMAKOLOGIESE KLASSIFIKASIE:
A 20.1.2 Penisilliene

FARMAKOLOGIESE WERKING:
AURO-AMOXICLAV is 'n kombinasie van amoksisillien en klavulaansuur.
Amoksisillien is 'n semi-sintetiese beta-laktamase vatbare penisillien wat *in vitro* bakteriedodende aktiwiteit teen 'n wye spektrum van nie-laktamaseproduserende Gram-positiewe en Gram-negatiewe organismes besit. Die spektrum van aktiwiteit sluit nie daardie organismes in wat beta-laktamases produseer nie, nl. weerstandbiedende stafilokokke en al die stamme van *Pseudomonas, Klebsiella* en *Enterobacter.*
In vitro is dit aangetoon dat klavulaansuur 'n onomkeerbare inhibeerder van beta-laktamases is wat deur die volgende organismes geproduseer word: *Staphylococcus aureus, Escherichia coli, Klebsiella pneumoniae, Proteus mirabilis, Proteus vulgaris, Haemophilus influenzae, Neisseria gonorrhoea* en *Bacteroides fragilis.* Klavulaansuur inaktiveer nie die chromosomaalgemedieerde (Sykes Tipe 1 kefalosporinase) beta-laktamases wat deur die volgende organismes geproduseer word nie: *Acinetobacter* spesies, *Citrobacter* spesies, *Enterobacter,* indool positiewe *Proteus, Providencia* spesies en *Serratia marcescens. In vitro* toon die formulasie sinergisme teen amoksisillien- weerstandbiedende organismes, met geen bewys van antagonisme nie, en die aktiwiteit is nie deur die teenwoordigheid van serum verminder nie.
(*In vitro* aktiwiteit beteken nie noodwendig *in vivo* doeltreffendheid nie).

Farmakokinetika:
Absorpsie:
Amoksisillien is stabiel in die teenwoordigheid van suur maagsekresies. Piek bloedvlakke word binne 1 – 2 ure na toediening bereik. Daar bestaan 'n lineêre dosisrespons in piek serumvlakke.
Die farmakokinetika van amoksisillien en klavulaansuur is nou verwant en nie een van die middels word nadelig deur die teenwoordigheid van voedsel in die maag beïnvloed nie.
Verspreiding:
Ongeveer 18 % van die totale hoeveelheid amoksisillien in plasma is proteïengebonde. Amoksisillien versprei maklik na die meeste liggaamsweefsels, behalwe die brein en serebrospinale vloeistof. Oor die algemeen verhoog inflammasie die deurlaatbaarheid van die meninges tot penisilliene en dit mag ook op amoksisillien van toepassing wees.
Uitskeiding:
Die eliminasiehalfleeftyd van amoksisillien is ongeveer 1 uur. Klein hoeveelhede amoksisillien word ook in die feses en gal uitgeskei.

INDIKASIES:
AURO-AMOXICLAV formulasies word aangedui vir die behandeling van infeksies veroorsaak deur amoksisillien-weerstandbiedende organismes wat beta-laktamases produseer, wat sensitief teen klavulaansuur is:
Boonste lugweginfeksies soos sinusitis, herhalende otitis media en tonsilitis.
Onderste lugweginfeksies soos brongitis en brongopneumonie.
Genito-urienweginfeksies soos sistitis, uretritis en piëlonefritis.
Infeksies van die vel en sagteweefsel.
AURO-AMOXICLAV formulasies sal ook doeltreffend in die behandeling van infeksies veroorsaak deur amoksisilliensensitiewe organismes met die toepaslike amoksisilliendosis wees, aangesien die klavulaansuur komponent in hierdie geval nie tot die terapeutiese effek bydra nie.

KONTRA-INDIKASIES:
Hipersensitiwiteit teen penisilliene of kefalosporiene. Kruissensitiwiteit tussen penisilliene en kefalosporiene is deeglik gedokumenteer.
AURO-AMOXICLAV word teenaangedui in pasiënte met 'n vorige geskiedenis van amoksisillien/klavulaansuur verwante geelsug/lewer disfunksie.

WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGSMAATREËLS:
Ernstige en soms fatale hipersensitiwiteitsreaksies (anafilakties) is aangemeld in pasiënte op penisillienterapie. Voordat daar met **AURO-AMOXICLAV** terapie begin word, behoort noukeurige navraag gedoen te word ten opsigte van vorige hipersensitiwiteitsreaksies teen penisillien, kefalosporiene of ander allergene. Alhoewel anafilakse meer dikwels na parenterale terapie voorkom, het dit in pasiënte op orale penisillien al voorgekom. Hierdie reaksies sal meer waarskynlik in indiwidue voorkom met 'n geskiedenis van hipersensitiwiteit teen penisilliene en/of 'n geskiedenis van sensitiwiteit teen veelvuldige allergene. Daar bestaan vermeldings van indiwidue met 'n geskiedenis van hipersensitiwiteit teen penisilliene wat erge reaksies getoon het nadat hulle met kefalosporiene behandel is.
Indien 'n allergiese reaksie voorkom, behoort **AURO-AMOXICLAV** gestaak en die toepaslike terapie ingestel te word. Ernstige anafilaktiese reaksies mag onmiddellike noodbehandeling met adrenalien vereis. Suurstof, intraveneuse kortikosteroïede en lugwegbestuur, insluitende intubering, mag ook nodig wees.
AURO-AMOXICLAV behoort vermy te word indien besmetlike mononukleose vermoed word aangesien die voorkoms van 'n morbillivormE uitslag na die gebruik van amoksisillien met hierdie kondisie geassosieer word.
Verlengde gebruik mag tot oorgroeiing van nie-vatbare organismes lei. Pseudomembraneuse enterokolitis is aangemeld.
Verlenging van die protrombientyd is af en toe in pasiënte wat **AURO-AMOXICLAV** ontvang het, aangemeld.
Toepaslike monitering behoort uitgevoer te word wanneer antistolmiddels gelyktydiglik voorgeskryf word.
Periodieke evaluering van orgaanfunksie, insluitende nier-, lewer- en hematopoïetiese funksies word gedurende verlengde terapie aanbeveel.
Verbygaande hepatitis en cholestatiese geelsug is aangemeld. **AURO-AMOXICLAV** behoort met sorg gebruik te word in pasiënte met bewyse van lewerdisfunksie.

Sorg moet aan die dag gelê word wanneer **AURO-AMOXICLAV** aan pasiënte met sifilis toegedien word, aangesien die Jarisch-Herxheimer reaksie in hierdie pasiënte mag voorkom.

Wanneer hoë dosisse toegedien word, moet 'n hoë vloeistofinname en urienuitset onderhou word.
Aangesien **AURO-AMOXICLAV** amoksisillien, 'n aminopenisillien bevat, is dit nie die behandeling van keuse in pasiënte wat met 'n seer keel of faringitis presenteer nie, aangesien die onderliggende oorsaak besmetlike mononukleose mag wees. Met laasgenoemde is daar 'n hoë insidens van veluitslag wanneer amoksisillien gebruik word. **AURO-AMOXICLAV** behoort met sorg toegedien te word aan pasiënte met limfatiese leukemie, aangesien hulle veral vatbaar vir amoksisillien geïnduserde veluitslag is.
Die moontlikheid van superinfeksies met mikotiese of bakteriese patogene behoort gedurende terapie in gedagte gehou te word. Indien superinfeksies voorkom (waarby *Aerobacter, Pseudomonas* of *Candida* gewoonlik betrokke is), behoort die gebruik van die middel gestaak en/of toepaslike terapie ingestel te word.

Belemmerde lewerfunksie:
Veranderinge in lewerfunksietoetse is waargeneem in sommige pasiënte wat **AURO-AMOXICLAV** ontvang het. Dit behoort met sorg in pasiënte met bewyse van ernstige lewer disfunksie gebruik te word.

Belemmerde nierfunksie:
In pasiënte met matig tot erg belemmerde nierfunksie behoort die dosis van **AURO-AMOXICLAV** aangepas te word (sien "**DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS**").

Gebruik in laktasie:
Amoksisillien word in die melk uitgeskei; daar bestaan egter geen data oor die uitskeiding van klavulaansuur in moedersmelk nie. Daarom behoort sorg aan die dag gelê te word wanneer **AURO-AMOXICLAV** aan borsvoedende moeders toegedien word.

Die gebruik van **AURO-AMOXICLAV** mag tot die seleksie van weerstandbiedende stamme van organismes lei en sensitiwiteits toetsing behoort daarom, wanneer moontlik, uitgevoer te word om die toepaslikheid van terapie aan te toon.

INTERAKSIES:
AURO-AMOXICLAV mag die doeltreffendheid van orale voorbehoedmiddels verminder en pasiënte behoort dienooreenkomstig gewaarsku te word.
Die gelyktydige toediening van allopurinol saam met **AURO-AMOXICLAV** verhoog die insidens van veluitslag aansienlik in pasiënte wat beide middels gebruik in teenstelling met pasiënte wat ampisillien alleen gebruik. Dit is nie bekend of hierdie potensiëring van ampisillien uitslag die gevolg van allopurinol is nie, en of dit die hiperurisemie is wat in hierdie pasiënte teenwoordig is.
Tetrasikliene en ander bakteriostatiese middels mag met die bakteriedodende effekte van amoksisillien inmeng.

Interaksie met laboratoriumtoetse:
Daar word aanbeveel dat wanneer daar vir die teenwoordigheid van glukose in urien gedurende **AURO-AMOXICLAV** behandeling getoets word, ensimatiese glukose-oksidasemetodes gebruik moet word. Weens die hoë amoksisillien konsentrasies in urien, kom vals positiewe resultate dikwels met chemiese toetsing voor.

SWANGERSKAP EN LAKTASIE:
Gebruik gedurende swangerskap:
Die veiligheid van **AURO-AMOXICLAV** gedurende swangerskap is nie vasgestel nie.

Gebruik gedurende laktasie:
Amoksisillien word na moedersmelk versprei. Alhoewel noemenswaardige probleme nie in mense gedokumenteer is nie, mag die gebruik van **AURO-AMOXICLAV** deur borsvoedende moeders tot sensitering, diarree, kandidiase en veluitslag in die baba lei.

DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS:
Gebruiksaanwysings vir hersamestelling:
AURO-AMOXICLAV 125-31,25 mg/5 ml:
Vir hersamestelling tot 100 ml, voeg 92 ml water by, keer die bottel om en skud goed totdat die poeier opgelos is.
AURO-AMOXICLAV 250-62,5 mg/5 ml:
Vir hersamestelling tot 100 ml, voeg 90 ml water by, keer die bottel om en skud goed totdat die poeier opgelos is.
AURO-AMOXICLAV suspensie mag onmiddellik voor 'n maaltyd geneem word.
Dosis:
Algemene inligting: Vir infeksies veroorsaak deur amoksisillien sensitiewe organismes is die dosis soos goedgekeur vir amoksisillien aangesien die klavulaansuur komponent nie tot die terapeutiese effek bydra nie.
Kinders:
Die **AURO-AMOXICLAV** dosis in kinders is 25-50 mg/kg/dag van die 4 dele amoksisillien, 1 deel klavulaansuur preparate (wat ooreenstem met 20–40 mg/kg amoksisillien en 5–10 mg/kg klavulaansuur), geneem in verdeelde dosisse, elke 8 ure met die begin van 'n maaltyd.
Doseringsgids:

Amoksisillien Sensitiewe Organismes

Produk	Boonste lugweginfeksies	Onderste lugweginfeksies	Urienweg-infeksies	Infeksies van die vel en sagteweefsel
AURO-AMOXICLAV 125-31,25 mg/5 ml (9-18 kg)	5-10 ml* elke 8 ure	5-10 ml* elke 8 ure	5-10 ml* elke 8 ure	5-10 ml* elke 8 ure
AURO-AMOXICLAV 250-62,5 mg/5 ml (18–37 kg)	5 ml* elke 8 ure	5 ml* elke 8 ure	5 ml* elke 8 ure	5 ml* elke 8 ure

Amoksisillien Weerstandbiedende Organismes

Produk	Boonste lugweginfeksies (Otitis media)	Onderste lugweginfeksies (Brongitis)	Urienweg-infeksies	Infeksies van die vel en sagteweefsel
AURO-AMOXICLAV 125-31,25 mg/5 ml (9-18 kg)	5-10 ml^ elke 8 ure	5-10 ml* elke 8 ure	5-10 ml* elke 8 ure	5-10 ml* elke 8 ure
AURO-AMOXICLAV 250-62,5 mg/5 ml (18–37 kg)	5-10 ml^ elke 8 ure	5-10 ml* elke 8 ure	5-10 ml* elke 8 ure	5-10 ml* elke 8 ure

*Om ooreen te stem met ‘n dosis van 25-50 mg/kg/dag.
^Om ooreen te stem met ‘n dosis van 50 mg/kg/dag.

NEWE EFFEKTE:
Die insidens en graad van erns van newe effekte, veral naarheid en diarree, het met die hoër aanbevole dosis toegeneem en kan beperk word deur **AURO-AMOXICLAV** aan die begin van 'n maaltyd toe te dien. Boonop, aangesien hierdie simptome veral verband hou met die kaliumklavulanaat komponent, waar hierdie gastroïntestinale simptome voorkom en 'n hoër konsentrasie amoksisillien vereis word, behoort oorweging aan die toediening van addisionele amoksisillien apart, gegee te word.

Die volgende newe effekte is aangemeld en mag met die gebruik van **AURO-AMOXICLAV** voorkom:
Afwykings van die immuunsisteem:
Dikwels:
Veluitslag, pruritus en urtikarie, serumsiekte-agtige sindroom, erythema multiforme, Stevens-Johnson se sindroom en toksiese epidermale nekrolise is aangemeld. Wanneer sulke reaksies voorkom, behoort **AURO-AMOXICLAV** gestaak te word. Ernstige en soms fatale hipersensitiwiteits reaksies (anafilakties) en angioneurotiese edeem kan met orale penisillien voorkom (sien "**WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGSMAATREËLS**").
Die volgende newe effekte is aangemeld en die frekwensie is onbekend:
Hipersensitiwiteits vaskulitis en bulleuse eksfoliatiewe dermatitis. Wanneer sulke reaksies voorkom, behoort **AURO-AMOXICLAV** gestaak te word.
Interstisiële nefritis mag voorkom.

Gastroïntestinale afwykings:
Baie dikwels:
Naarheid, braking, diarree.
Dikwels:
Glossitis.
Die volgende newe effekte is aangemeld en die frekwensie is onbekend:
Indigestie, buikpyn, gastritis, stomatitis, swart “harige” tong, enterokolitis, mukokutane kandidiase en antibiotika verwante kolitis (insluitende pseudomembraneuse kolitis en bloederige kolitis) en abnormale smaak. Oppervlakkige tandverkleuring is aangemeld, veral met die suspensie formulasies. Dit kan gewoonlik verwyder word deur die tande te borsel.
Indien tekens van gastroïntestinale reaksies voorkom, kan dit verminder word deur **AURO-AMOXICLAV** aan die begin van 'n maaltyd te neem.

Hepato-biliêre afwykings:
Dikwels:
Hepatitis en cholestatiese geelsug is aangemeld. Hierdie gebeure mag erg wees en kom hoofsaaklik in volwassenes en bejaardes voor. Tekens en simptome kom gewoonlik gedurende of kort na behandeling voor. In sommige gevalle mag dit egter eers verskeie weke nadat behandeling gestaak is, voorkom. Die hepatiese effekte is gewoonlik omkeerbaar. In die uiterste gevalle is dood aangemeld. Dit was byna altyd gevalle wat met ernstige onderliggende siekte of die wat ander medikasie gelyktydig geneem het. 'n Matige toename in aspartaattransaminase (AST) en/of alanientransaminase (ALT) is waargeneem in pasiënte wat met **AURO-AMOXICLAV** behandel is.

Nier- en urienafwykings:
Die volgende newe effekte is aangemeld en die frekwensie is onbekend:
Kristalurie.

Geslagstelsel- en borsafwykings:
Die volgende newe effekte is aangemeld en die frekwensie is onbekend:
Vaginitis.

Afwykings van die bloed en limfsisteem:
Dikwels:
Omkeerbare trombositopenie, trombositopeniese purpura, en omkeerbare leukopenie is aangemeld. Hierdie reaksies is gewoonlik omkeerbaar met staking van terapie en daar word vermoed dat dit 'n hipersensitiwiteits fenomeen is. 'n Ligte trombositose is in minder as 1 % van pasiënte waargeneem wat met **AURO-AMOXICLAV** behandel is. Verlenging van bloedings- en protrombientyd is ook dikwels aangemeld. Toepaslike monitering behoort toegepas te word wanneer teenstolmiddels tegelykertyd voorgeskryf word.
Die volgende newe effekte is aangemeld en die frekwensie is onbekend:
Hemolitiese anemie, eosinofilie en agranulositose is aangemeld. Hierdie reaksies is gewoonlik omkeerbaar met staking van terapie en daar word vermoed dat dit 'n hipersensitiwiteits fenomeen is.

Afwykings van die senuweestelsel:
Baie dikwels:
Hoofpyn.
Dikwels:
Stuiptrekkings. Stuiptrekkings mag voorkom saam met belemmerde nierfunksie of in diegene wat hoë dosisse ontvang.
Die volgende newe effekte is aangemeld en die frekwensie is onbekend:
Omkeerbare hiperaktiwiteit en duiseligheid.

Vaskulêre afwykings:
Die volgende newe effekte is aangemeld en die frekwensie is onbekend:
Hittegloede.

Algemene afwykings en afwykings by die plek van toediening:
Dikwels:
Moegheid.

BEKENDE SIMPTOME VAN OORDOSERING EN BESONDERHEDE VAN DIE BEHANDELING DAARVAN:
Oordosering met amoksisillien is gewoonlik asimptomaties. Gastroïntestinale effekte soos naarheid, braking en diarree mag egter voorkom en die simptome van 'n water- en elektroliet wanbalans behoort simptomaties behandel te word.
Voldoende vloeistofinname en urienuitset moet onderhou word om die moontlikheid van kristalurie tot 'n minimum te beperk.
Amoksisillien kan met hemodialise uit die sirkulasie verwyder word. Die molekulêre massa, graad van proteïenbinding en farmakokinetiese profiel van klavulaansuur saam met inligting van 'n enkele pasiënt met ontoereikende nierfunksie wil daarop dui dat hierdie verbinding ook met hemodialise verwyder kan word.

IDENTIFIKASIE:
AURO-AMOXICLAV 125-31,25 mg/5 ml:
Wit tot byna wit granulêre poeier wat 'n wit tot byna wit oplossing met 'n aarbeismaak met hersamestelling met water vorm.
AURO-AMOXICLAV 250-62,5 mg/5 ml:
Wit tot byna wit granulêre poeier wat 'n wit tot byna wit oplossing met 'n aarbeismaak met hersamestelling met water vorm.

AANBIEDING:
AURO-AMOXICLAV 125-31,25 mg/5 ml:
1. HDPE bottel:
Die suspensie is verpak in 'n 150 ml swaardiens, deurskynende HDPE, ronde bottel met 'n 28 mm nek, verseël met 'n 28 mm poliepropelien induksie verseëlde skroefdop.
(100 ml suspensie na hersamestelling).
Pakgrootte: 100 ml suspensie.

2. Glas bottel:
Die suspensie is verpak in 'n 200 ml bruingekleurde, ronde glasbottel met 'n 28 mm nek, verseël met 'n wit 28 mm poliepropelien induksie verseëlde skroefdop, sonder weerstandbiedende pilfer sëel.
(100 ml suspensie na hersamestelling).
Pakgrootte: 100 ml suspensie.

AURO-AMOXICLAV 250-62,5 mg/5 ml:
1. HDPE bottel:
Die suspensie is verpak in 'n 150 ml swaardiens, deurskynende HDPE, ronde bottel met 'n 28 mm nek, verseël met 'n 28 mm poliepropelien induksie verseëlde skroefdop.
(100 ml suspensie na hersamestelling).
Pakgrootte: 100 ml suspensie.

2. Glas bottel:
Die suspensie is verpak in 'n 200 ml bruingekleurde, ronde glasbottel met n 28 mm nek, verseël met 'n wit 28 mm poliepropelien induksie verseëlde skroefdop, sonder weerstandbiedende pilfer sëel.
(100 ml suspensie na hersamestelling).
Pakgrootte: 100 ml suspensie.

BERGINGSINSTRUKSIES:
Bewaar by of benede 30 °C. Beskerm teen vogtigheid.

BERGING VIR HERSAAMGESTELDE SUSPENSIE
Hersaamgestelde suspensie behoort in 'n koelkas (2 – 8 °C) geberg te word en binne 7 dae opgebruik te word. Moenie bevries nie.
HOU BUITE BEREIK VAN KINDERS.

REGISTRASIENOMMER:
SUID-AFRIKA:
AURO-AMOXICLAV 125-31,25 mg/5 ml: 41/20.1.2/0963
AURO-AMOXICLAV 250-62,5 mg/5 ml: 41/20.1.2/0964

NAMIBIË:
AURO-AMOXICLAV 125-31,25 mg/ 5 ml: 10/20.1.2/0370
AURO-AMOXICLAV 250-62,5 mg/ 5 ml: 10/20.1.2/0371

NAAM EN ADRES VAN DIE HOUER VAN DIE SERTIFIKAAT VAN REGISTRASIE:
Aurogen South Africa (Edms) Bpk
Woodhill Kantoorpark
Gebou Nr. 1, Eerste vloer
Phillip Engelbrechtlaan 53
Meyersdal, Uitbreiding 12
1448
Johannesburg
Suid-Afrika

DATUM VAN PUBLIKASIE VAN HIERDIE VOUBILJET:
Datum van registrasie:
17 April 2009

Datum van hersiening:
01 Augustus 2021

Suid-Afrika: **S4**

Namibië: **NS2**

AURO-AMOXICLAV 125-31,25 mg/5 ml (Poeier vir orale suspensie)
AURO-AMOXICLAV 250-62,5 mg/5 ml (Poeier vir orale suspensie)
Amoksisillien en klavulaansuur

Lees die hele brosjure sorgvuldig voordat u begin om hierdie medisyne te neem.
- Hou hierdie blaadjie. U mag dit moontlik weer wil lees.
- Indien u enige verdere vrae het, moet u asseblief u dokter of apteker raadpleeg.
- **AURO-AMOXICLAV** is vir u persoonlik voorgeskryf en u behoort nie u medisyne met ander mense deel nie. Dit mag hulle skade aandoen, ookal het hulle dieselfde simptome as u.

1. WAT AURO-AMOXICLAV BEVAT

Die aktiewe bestanddele is amoksisillien en klavulaansuur.

AURO-AMOXICLAV 125-31,25 mg/5 ml:

Elke 5 ml (na hersamestelling) bevat: amoksisillientrihidraat ekwivalent aan amoksisillien 125 mg en kaliumklavulanaat ekwivalent aan klavulaansuur 31,25 mg. Suikervry. Bevat versoeter: 5 mg aspartaam per 5 ml.

AURO-AMOXICLAV 250-62,5 mg/5 ml:

Elke 5 ml (na hersamestelling) bevat: amoksisillientrihidraat ekwivalent aan amoksisillien 250 mg en kaliumklavulanaat ekwivalent aan klavulaansuur 62,5 mg. Suikervry. Bevat versoeter: 10 mg aspartaam per 5 ml.

Die ander bestanddele in **AURO-AMOXICLAV** is aspartaam, hipromellose, kolloïdale anhidriese silika, silikondioksied, aarbei-guarana smaakmiddel, suksinielsuur, en xantaangom.

2. WAARVOOR AURO-AMOXICLAV GEBRUIK WORD

AURO-AMOXICLAV is 'n kombinasie van penisillien, amoksisillien en 'n beta-laktamaseïnhibeerder, klavulaansuur. Penisilliene en beta-laktamase-ïnhibeerders word gebruik om 'n wye verskeidenheid van infeksies wat deur bakterieë veroorsaak word, soos sinusitis, brongitis, longontsteking, tonsilitis, oorinfeksies, urienweginfeksies en infeksies van die vel te behandel. Amoksisillien werk deur die bakterieë te dood. Klavulaansuur word by die amoksisillien gevoeg om die amoksisillien teen sekere substanse (ensieme) wat die amoksisillien sal vernietig voordat dit die bakterieë kan dood, te beskerm.

3. VOORDAT U AURO-AMOXICLAV NEEM

Moenie AURO-AMOXICLAV neem:
- As u al ooit 'n allergiese reaksie teen amoksisillien, enige penisillienantibiotika of teen 'n kefalosporienantibiotika gehad het.
- As u voorheen geelsug (geel verkleuring van die vel en oë) en/of 'n lewersiekte gehad het wanneer die kombinasie van amoksisillien en klavulaansuur gebruik is.

Neem spesiale sorg met AURO-AMOXICLAV:
- 'n Ernstige vorm van diaree (pseudomembraneuse kolitis). Raadpleeg u dokter onmiddellik as maagpyn of –krampe, erge diaree of bloederige stoelgang voorkom.
- As u hoë dosisse gebruik, maak seker dat u voldoende vloeistof inneem.
- Kom alle afsprake met u dokter en laboratorium na. As u **AURO-AMOXICLAV** vir 'n lang periode gebruik, kan u dokter sekere toetse aanvra om u niere, lewer en bloed na te gaan.
- Indien u toetse ondergaan om suiker in u urien te monitor, moet u u dokter in kennis stel dat u **AURO-AMOXICLAV** gebruik. Dit is omdat **AURO-AMOXICLAV** die resultate van hierdie toetse mag beïnvloed.
- Die gebruik van **AURO-AMOXICLAV** kan tot 'n infeksie lei wat voorkom terwyl u vir 'n infeksie behandel word. As dit voorkom, behoort die gebruik van **AURO-AMOXICLAV** gestaak te word en die geskikte behandeling toegedien te word.

Voordat u met AURO-AMOXICLAV begin, moet u u dokter in kennis stel:

- As u aan 'n allergie of 'n geskiedenis van allergieë ly – Pasiënte met 'n geskiedenis van allergieë is meer geneig tot 'n allergie teen **AURO-AMOXICLAV** wat ernstig en moontlik fataal kan wees. Stel u dokter in kennis oor enige vorige allergiese reaksies teen penisilliene, kefalosporiene, ander medisyne, voedsel of ander middels.

Staak die gebruik van **AURO-AMOXICLAV** en kry noodhulp as u enige van hierdie tekens van 'n allergiese reaksie ondervind: Velbulte, moeite met asemhaling, swelling van u gesig, lippe, tong en keel.
- As u aan besmetlike mononukleose (klierkoors) of 'n seer keel ly.
- As u aan sifilis ly.
- As u aan limfatiese leukemie (bloedkanker) ly.
- As u aan 'n lewersiekte ly.
- As u aan 'n niersiekte ly.
- As u borsvoed.
- As u aan 'n bloedstollingsafwyking ly.

Die neem van AURO-AMOXICLAV met voedsel:

AURO-AMOXICLAV behoort aan die begin van 'n maaltyd geneem te word.

Swangerskap en borsvoeding:

- Die veiligheid van hierdie medisyne in swanger vroue is nie bevestig nie. Stel u dokter in kennis as u swanger of beplan om swanger te raak.
- **AURO-AMOXICLAV** kan na die borsmelk versprei en 'n gisinfeksie, diaree of allergiese reaksie in die sogende baba veroorsaak. Moenie hierdie medikasie gebruik sonder om u dokter in kennis te stel as u 'n baba borsvoed nie.

As u swanger is of u baba borsvoed, moet u asseblief u dokter, apteker of ander professionele gesondheidswerker om advies raadpleeg voordat u **AURO-AMOXICLAV** driink.

Die neem van ander medisyne saam met AURO-AMOXICLAV:

Sommige medisyne kan 'n interaksie met amoksisillien en klavulaansuur veroorsaak. Voordat u **AURO-AMOXICLAV** neem, moet u u dokter in kennis stel as u enige van die volgende medisyne gebruik:

- Orale voorbehoedmiddels – U orale voorbehoedmiddel mag moontlik nie behoorlik werk nie. U sal moontlik bykomende voorbehoedmiddels, soos bv. 'n kondoom moet gebruik. As u advies nodig het, moet u u dokter of apteker raadpleeg.
- Allopurinol, 'n middel wat vir jig gebruik word.
- Enige medisyne wat gebruik word om bloedklonte te voorkom, soos warfarien.
- Tetrasiklienantibiotika.
- Ander antibiotika.

As u enige van die hierdie medisyne gebruik, is u moontlik nie in staat om **AURO-AMOXICLAV** te gebruik nie, die dosis mag moontlik aangepas word of u dokter sal u noukeurig vir newe effekte monitor.

Stel altyd u professionele gesondheidswerker in kennis as u enige ander medisyne gebruik. (Dit sluit komplementêre en tradisionele medisyne in).

4. HOE OM AURO-AMOXICLAV TE NEEM

Neem altyd **AURO-AMOXICLAV** presies soos deur u dokter voorgeskryf. Bevestig met u dokter of apteker as u onseker is. As u van mening is dat die effek van **AURO-AMOXICLAV** te sterk of te swak is, moet u u dokter of apteker raadpleeg.

- **AURO-AMOXICLAV** behoort aan die begin van 'n maaltyd geneem te word om 'n omgekrapte maag te voorkom.
- Skud die vloeistof goed voor elke gebruik om die medikasie eweredig te meng.
- Om te verseker dat u die korrekte dosis neem, moet u die vloeistof met die gemerkte maatlepel meet.
- Neem hierdie medikasie vir die volle tydperk, soos deur u dokter voorgeskryf.
- Die normale dosis van **AURO-AMOXICLAV** in kinders is 25 – 50 mg/kg/dag, geneem in verdeelde dosisse elke 8 ure (drie keer per dag).
- Die dosis vir kinders word op liggaamsmassa gebaseer en moet deur u dokter bereken word.
- Stel u dokter in kennis as u aan 'n niersiekte ly – die dosis behoort moontlik aangepas te word.

As u te veel AURO-AMOXICLAV geneem het:

Simptome van oordosering mag mislikheid of naarheid, braking, diaree of kristalle in die urien, wat as melkerige urien vertoon, of probleme met urinering insluit.

In die geval van oordosering, raadpleeg u dokter of apteker. As hulle nie beskikbaar is nie, kontak u naaste hospitaal of gifbeheersentrum.

As u vergeet het om AURO-AMOXICLAV te neem:

Neem die oorgeslaande dosis so gou as wat u daarvan onthou. Indien dit egter byna tyd vir die volgende dosis is, slaan dan die dosis oor en gaan voort met die normale dosisskedulering. Moenie die dosis verdubbel om vir die oorgeslaande dosis op te maak nie.

5. MOONTLIKE NEWE EFFEKTE

AURO-AMOXICLAV kan newe effekte hê.

Kry nood mediese hulp as u enige van hierdie tekens van 'n allergiese reaksie toon:

- Velbulte.
- Moeite met asemhaling.
- Swelling van u gesig, lippe, tong of keel.

Stel u dokter onmiddellik in kennis as u enige van hierdie ernstige newe effekte ondervind:

- Hoë temperatuur (koors), kouekoors, seer keel of ander tekens van 'n infeksie, of as u maklik kneusing opdoen. Dit mag 'n teken van 'n probleem met u bloedselle beteken.
- Ongewone bloeding – u bloed mag langer as gewoonlik neem om te stol. U mag dit waarneem wanneer u uself raak sny of wanneer u neus bloei.
- Bleek vel, oormatige moegheid.
- 'n Vertraagde allergiese reaksie wat soms die volgende insluit: uitslag, koors, gewrigspyn en swelling van die limfkliere.
- 'n Velreaksie wat as “erythema multiforme” bekend staan, waar u jeukerige rooi/pers vlekke op die vel ontwikkel. U mag koorsig voel en baie moeg wees.
- Ander ernstige velreaksies kan die volgende insluit: veranderinge in velkleur, knoppe onder die vel, blaasvorming, puisies, velloslating, rooiheid, pyn, jeuk, afskilfering. Dit kan met koors, hoofpyn en liggaamspyn gepaard gaan.
- Uitslag of klein speldepunt rooi kolletjies onder die veloppervlak of kneusing van die vel. Dit is weens inflammasie van die bloedvatwande as gevolg van 'n allergiese reaksie. Dit kan met gewrigspyn en nierprobleme gepaard gaan.
- Stuipaanvalle gesien in pasiënte op hoë dosisse of met nierprobleme.
- Naarheid, maagpyn, lae koors, verlies aan eetlus, geel verkleuring van die vel of oë, donker urien, kleigekleurde stoelgang.
- Inflammasie van die dikderm (kolon) met erge diaree wat waterig of bloederig is, pyn en koors.
- Minder urinering as gewoonlik of glad nie.

Ander moontlike newe effekte is:

- Matige veluitslag
- Hiperaktiwiteit
- Duiseligheid
- Hoofpyn
- Naarheid
- Braking
- Diaree
- Maag-/buikpyn
- Indigestie
- Smaakafwyking
- Tande vertoon gevlek, keer gewoonlik terug na normaal met borsel
- Seer mond of tong
- Swart of “harige” tong
- Sproei (wit vlekke in die mond)
- Vaginale jeuk of uitskeiding newe-effekte
- Warm gloede
- Kristalle in die urien wat melkerig mag lyk, of moeite of ongemak met urienlating. Maak seker dat u voldoende vloeistof inneem om die voorkoms van hierdie simptome te verminder

Stel u dokter so gou as moontlik in kennis as enige van die bogenoemde erg of kwellend is, of as hulle nie verdwyn nie of as u enige besorgdheid het terwyl u **AURO-AMOXICLAV** neem.

Nie al die newe effekte wat vir hierdie medisyne aangemeld is, word in hierdie brosjure ingesluit nie. As u algemene gesondheid agteruitgaan of as u enige ongewone effekte ondervind terwyl u **AURO-AMOXICLAV** neem, moet u asseblief u dokter, apteker of ander professionele gesondheidswerker om advies raadpleeg.

6. OPBERGING EN WEGDOEN VAN AURO-AMOXICLAV

Bewaar alle medisyne buite die bereik van kinders.

Vir droë poeier:

Bewaar by of benede 30 °C (kamertemperatuur) en weg van vogtigheid (nie in die badkamer nie).

Vir hersaamgestelde suspensie:

Na hersamestelling behoort die suspensie (vloeibare medikasie) in 'n yskas gehou te word. Doen alle ongebruikte medikasie na 7 dae weg. Moenie bevries nie. Skud die bottel deeglik voor gebruik.

Neem alle ongebruikte medisyne na u apteker terug.

Moenie enige ongebruikte medisyne in die drein of riolering (bv. toilette) weggooi nie.

7. AANBIEDING VAN AURO-AMOXICLAV

AURO-AMOXICLAV 125-31,25 mg/5 ml:

Een 150 ml swaardiens HDPE, deurskynende ronde bottel met 'n skroefdop, verpak in 'n gedrukte karton houer met 'n voubiljet.
(100 ml suspensie na hersamestelling).
Een 200 ml bruingekleurde, ronde glasbottel met 'n skroefdop, verpak in 'n gedrukte karton houer met 'n voubiljet.
(100 ml suspensie na hersamestelling).

AURO-AMOXICLAV 250-62,5 mg/5 ml:

Een 150 ml swaardiens HDPE, deurskynende ronde bottel met 'n skroefdop, verpak in 'n gedrukte karton houer met 'n voubiljet.
(100 ml suspensie na hersamestelling).
Een 200 ml bruingekleurde, ronde glasbottel met 'n skroefdop, verpak in 'n gedrukte karton houer met 'n voubiljet.
(100 ml suspensie na hersamestelling).

8. IDENTIFIKASIE VAN AURO-AMOXICLAV

AURO-AMOXICLAV 125-31,25 mg/5 ml:
Wit tot byna-wit poeier wat 'n wit tot byna-wit suspensie met 'n aarbeigeur na hersamestelling met water vorm.

AURO-AMOXICLAV 250-62,5 mg/5 ml:
Wit tot byna-wit poeier wat 'n wit tot byna-wit suspensie met 'n aarbeigeur na hersamestelling met water vorm.

9. REGISTRASIENOMMER / VERWYSINGSNOMMER

SUID-AFRIKA:
AURO-AMOXICLAV 125-31,25 mg/5 ml: 41/20.1.2/0963
AURO-AMOXICLAV 250-62,5 mg/5 ml: 41/20.1.2/0964

NAMIBIË:
AURO-AMOXICLAV 125-31,25 mg/ 5 ml: 10/20.1.2/0370
AURO-AMOXICLAV 250-62,5 mg/ 5 ml: 10/20.1.2/0371

10. NAAM EN ADRES VAN DIE REGISTRASIEHOUER

Aurogen South Africa (Edms) Bpk
Woodhill Kantoorpark, Gebou Nr. 1, Eerste vloer
Phillip Engelbrechtlaan 53
Meyersdal Uitbr. 12,
1448
Johannesburg
Suid Afrika

11. DATUM VAN PUBLIKASIE

Datum van registrasie:
17 April 2009

Datum van hersiening:
01 Augustus 2021

SCHEDULING STATUS:

South Africa: S4
Namibia: NS2

PROPRIETARY NAME (and dosage form):

AURO-AMOXICLAV 125-31,25 mg/5 ml (Powder for oral suspension)
AURO-AMOXICLAV 250-62,5 mg/5 ml (Powder for oral suspension)

COMPOSITION:
AURO-AMOXICLAV 125-31,25 mg/5 ml:
Each 5 ml (after reconstitution) contains: amoxicillin trihydrate equivalent to amoxicillin 125 mg and potassium clavulanate equivalent to clavulanic acid 31,25 mg. Sugar free. Contains sweetener: 5 mg aspartame per 5 ml.
AURO-AMOXICLAV 250-62,5 mg/5 ml:
Each 5 ml (after reconstitution) contains: amoxicillin trihydrate equivalent to amoxicillin 250 mg and potassium clavulanate equivalent to clavulanic acid 62,5 mg. Sugar free. Contains sweetener: 10 mg aspartame per 5 ml.
List of exipients:
Aspartame, hypromellose, silica colloid alanhydrous, silicon dioxide, strawberry guarana flavour, succinic acid, syloid and xanthum gum.

PHARMACOLOGICAL CLASSIFICATION:
A 20.1.2 Penicillins

PHARMACOLOGICAL CLASSIFICATION:
AURO-AMOXICLAV is a combination of amoxicillin and clavulanic acid.
Amoxicillin is a semisynthetic beta-lactamase-susceptible penicillin, which has *in vitro* bactericidal activity against a broad spectrum of non beta-lactamase-producing Gram positive and Gram negative organisms. The spectrum of activity does not include those organisms that produce beta-lactamases, namely resistant staphylococci, and all strains of *Pseudomonas, Klebsiella* and *Enterobacter.*
